# TOM NEWBY SCHOOL EXAMINATION

| Subject | Afrikaans | Examiner | S Mans |
|---|---|---|---|
| Date | 10 June 2015 | Total marks | 45 |
| Session | 2 | Duration | 90 minutes |
| Grade | 5 | Moderator | W Pienaar |
| Special instructions/ Equipment | **INSTRUKSIES:**<br>1. Beantwoord al die vrae in die oop spasies op die vraestel.<br>2. Beantwoord al die vrae in vol sinne, waar nodig.<br>3. Gebruik netjiese skrif.<br>4. Punte sal afgetrek word vir nalatige spelfoute.<br>5. Skryf asseblief in blou pen.<br>6. Sterkte en geniet dit. | | |

**This Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking. Up to 10% of the total mark allocation may be deducted for spelling and grammatical errors, except in the case of Language papers, where deductions are made according to a memorandum.**

---

**Naam en Van:** Memorandum **Graad 5:** ______

Afdeling A

Vraag 1
Lees die storie en beantwoord die vrae wat volg in vol sinne.

Die Moddermonsters

In die middel van die bos was daar 'n huis. Die vensters was gebreek. Die dak was stukkend. Dit was die huis van die Moddermonsters. Die Moddermonsters was monsters. Daar was vyf van hulle. Hulle name was Ogies, Drup, Morsjors, Slykie en Stinkie. Hulle het ook 'n troeteldier gehad. Sy naam was Brak.

Die Moddermonsters was baie lief vir hulle huis. Dit was die regte huis vir hulle. Ogies het daarvan gehou om by die vuil, swart skoorsteen op te klim. Drup het altyd onder die stukkende geute gestaan. "Dis lekker reën water," het hy gesê as die water by sy nek afdrup. "Stukkende vensters hou my koel," het Morsjors gesê.

Slykie het buite in die visdam rondgerol. Stinkie het altyd in die asblikke rondgekrap. Brak het lekker tussen die onkruid in die tuin gespeel.

Eendag het die Moddermonsters 'n snaakse geluid gehoor. Slykie het haar kop by die visdam uitgesteek. "Wat was dit?" het sy geskreeu. Ogies het buite toe gehardloop. "Julle moet kom kyk," het hy gesê. Daar was 'n groot bord in die tuin. TE KOOP het daar op die bord gestaan.

"O toggie, nou moet ons 'n ander plek kry om te bly," het Slykie gehuil.
"Maar ek wil nie trek uit hierdie mooi huis nie!" het Drup gesê. "Ek het 'n plan!"


Drup het sy plan aan die Moddermonsters vertel. Die volgende dag het 'n motorkar voor die huis gestop. 'n Man, 'n vrou en twee kinders het uitgeklim. Hulle het na die huis kom kyk. Die Moddermonsters was reg vir hulle. Slykie het in die visdam geklim. Ogies het by die skoorsteen opgeklim. Stinkie het in die asblik weggekruip. Drup het in die geut op die dak gesit.

Die mense het die huis ingegaan. "Is julle reg?" het Ogies gevra. Almal het ja gesê. Skielik het Ogies uit die skoorsteen gespring. Hy was so swart soos roet. "Help! Help!" het die kinders geskreeu. Drup het van die dak af gekyk. Hy het 'n groot emmer reënwater oor die man en vrou gegooi. "Ons moet hier uit!" het die vrou geskreeu. Net toe hulle by die deur kom, het Slykie uit die visdam geklim. Sy was vol paddaslyk. En daarna het Stinkie uit die asblik geklim.

Dit was te veel vir die mense. Hulle het geskreeu en na hulle kar terug gehardloop. Brak het hulle agterna gesit. "Ons het hulle lekker weggejaag," het Ogies gesê. "Ek dink nie ons sien hulle weer nie!"

En hy was reg. Niemand het weer na die huis kom kyk nie. Die Moddermonsters kon nou rustig in hulle stukkende huis woon. En so ver as ek weet, woon hulle nog steeds daar!

| WOORDESKAT | |
|---|---|
| asblikke | rubbish bins |
| gekerm | moan/whine |
| geute | gutters |
| onkruid | weeds |
| paddaslyk | slime/sludge |
| roet | soot |
| skoorsteen | chimney |
| visdam | fish pond |



Vrae:

1.1. Waar was die Moddermonsters se huis?

Die Moddermonsters se huis was in die middel van die bos.

(1)

1.2. Hoeveel Moddermonsters was daar?

Hulle was vyf gewees.

(1)

1.3. Skryf drie van die monsters se name

Ogies Drup Morsjors enige 3

Dit kan ook - Slykie en Stinkie wees.

(3)

1.4. Wat het op die groot bord in die tuin gestaan ?

TE KOOP

(1)

1.5. Waaroor het ~~Stinkie~~ Slykie gekerm (moan) ?

Sy het gekerm dat hulle n̄ ander blyplek moes kry.

(1)

1.6. Hoekom het die mense geskreeu en na hul kar terug gehardloop ?

Die mense het geskreeu, want die monsters het hulle bang gemaak.

(1)

1.7. Watter woorde in die storie vertel vir ons dat die mense nie weer sal terugkom nie ? Skryf net die woorde

"Ek dink nie ons sien hulle weer nie!"

(1)

1.8. Waar woon die Moddermonsters nou ?

Hulle woon nogsteeds in die huis.

(1)

1.9. Wie het sy plan aan die moddermonsters vertel ?

Drup het sy plan aan die moddermonsters vertel.

(1)

1.10. Kies die regte woorde tussen hakkies om die sinne waar te maak.

Dit was (nie die regte / die regte) huis vir hulle. (Stinkie / Ogies) het daarvan gehou om by die (vuil / skoon / nuwe) skoorsteen op te (praat / klim / spring). (4)

1.11. Dink jy dat Moddermonsters regtig bestaan ? Gee een rede vir jou antwoord.

Eie antwoord.

Ja, want die huis staan nou nog leeg.

Nee, want daar bestaan nie iets soos monsters nie.

(2)

1.12. Soek die Afrikaanse betekenis uit die storie vir die volgende woorde.

a) rainwater = reënwater
b) house = huis
c) ran= gehardloop
d) climbed = geklim
e) woman= vrou


(5)

## VRAAG 2

Pappa kom huis toe! Almal is bly. Hulle sien Pappa so min. Hy werk in die myn. Hy kom net een keer per jaar huis toe.

Die huis moet blink as Pappa kom. Almal werk. Ouma bak koek en Mamma maak die huis skoon. Kwazi vee die vloer. Sipho kap hout. Net Boniswa, die klein sussie, doen niks nie.





Mamma sê: "Boniswa, jy is te klein om te help. Gaan speel liewer." Boniswa is hartseer. Sy gaan tuin toe. Sy gaan sit by haar pragtige, rooi blom.

2.1. Wat is die titel van die storie?

Pappa kom huis toe! ✓

(1)

2.2. Hoekom vra sy haar vader wie hy is?

Want hulle sien hulle pappa so min. ✓

(1)

2.3. Hoekom bly haar pa nie by die huis nie?

Hy werk in die myn. ✓ Hy kom net een keer per jaar huis toe. ✓

(2)

2.4. Wat doen die familie voor pa huis toe kom?

Ouma bak koek. ✓

Mamma maak die huis skoon ✓

Kwazi vee die vloer. ✓

Boniswa doen niks nie. ✓

(4)

<u>Afdeling B</u>

1. Die volgende woorde is in die storie oor die Moddermonsters. Skryf nou die verkleinwoord vir elke woord.

| Woord | Verkleinwoord |
|---|---|
| man | mannetjie ✓ |
| vrou | vroutjie ✓ |
| huis | huisie ✓ |

(3)

2. Die volgende dag het 'n motorkar voor die huis gestop en mense het uitgeklim. Hoeveel mense het uitgeklim ?

Vier mense het uitgeklim.
(1)

3. Skryf die teenoorgestelde woord vir die woord tussen hakies. Skryf die sin volledig uit.

Daar was 'n ( klein ) bord in die tuin.

Daar was 'n groot bord in die tuin.
(1)

4. Kies die korrekte meervoude tussen die hakkies . Onderstreep die regte antwoord.

a) Die monsters se (naam, naams, name) is dieselfde.

b) Tom Newby het baie (asbliks, asblikkin, asblikke) op die speelgrond.
(2)

5. Kies die korrekte voornaamwoord uit die woord boks en vul dit in die regte spasie in, om die sinne te voltooi.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| hy | hulle | sy | haar | my |
| jou | joune | ons | sy | |

a) Slykie het haar kop by die visdam uitgesteek.


b) Drup het sy plan aan die Moddermonsters vertel
(2)

6. Gee die antonieme vir die volgende woorde. Skryf die woord op die lyn neer.


a) groot klein

b) opgeklim afgeklim

(2)



7. Maak samestellings uit twee woorde.
   Kies die woorde uit die blok.
   Voorbeeld: sport + sak = sportsak



| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Klas | troetel | pak | dier | pak | swem | sweet | kamer | |
| Onder | kas | bang | wen | kap | na | klere | vis | dam |

troeteldier = troetel + dier ✓
visdam = vis + dam ✓
sweetpak = sweet + pak ✓ enige 3
swemklere = swem + klere
klaskamer = klas + kamer (3)

8. Deel die volgende woord in lettergrepe.
   Voorbeeld: lekkergoed = lek / ker / goed

   Moddermonsters = Mod / der / mon / sters ✓ (1)

